Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk. Posbus 1411, Kaapstad

# Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 21 JUNIE 1944. No. 31.

## Net Twee Strome: O.B. of Kommunisme

### Party-Wapen het Misluk

„Ons stryd is nie teen mede-republikeine nie, want met die leuse van „ek is my broer se hoeder" sal die Ossewabrandwag se deur smart verdiende oorwinning ook die oorwinning van die mede-republikein wees," het gebiedsgeneraal Louis Bootha van Transvaal op 13 Mei te Utrecht gesê by geleentheid van 'n noodhulpfunksie wat die mooi bedrag van £108 ingebring het onder leiding van komdt. Viviers.

Genl. Bootha het aangetoon hoe die Boer aanvanklik met sy eie wapens van perd, saal en geweer geveg en gewen het. By Vereeniging moes hy egter wapen neerlê en toe is hom 'n vreemde wapen, die partystelsel, in die hand gedruk. **Van ons beste leiers het hierdie wapen gehanteer, maar ons kon nie veel daarmee uitrig nie.** Die volk het hom nie as geheel georganiseer vir die stryd nie. Hy het wel sy parlementslede na die volksraad gestuur, maar self nie die stryd aangebind nie. **Veertig jaar lank het ons met die vyand se wapen geveg, en met die groot toets in 1939 het ons weer die nederlaag gely.**

Net soos op politieke gebied het ons ook die kultuurleiers alleen in die stryd gelaat. Ons is dankbaar vir wat op kulturele gebied gedoen is, maar as volk het ons verbrokkeld opgetree en aan verskillende fronte geveg met gehalveerde kragte. Daarom kon ons nie wen nie. **Maar nou wil die Ossewabrandwag die volk in sy geheel organiseer en hom weer sy eie wapen gee. Die O.B. wil die volk as 'n eenheid organiseer om aan alle fronte met volle krag te slaan.** Ons kan geen volk bou met net gesuiwerdes nie. Deur foute te maak leer die mens, en daarom kan diegene wat foute gemaak het nie verwerp word as volkslede nie. Dit is alleen die niksdoeners wat foutloos skyn te wees.

#### STRYDBEWUS

Voortgaande het genl. Bootha met voorbeelde aangetoon hoe die Ossewabrandwag nie meer massa-bewus is nie, maar strydbewus, elkeen afsonderlik. Dit is nie net die O.B. as groep wat vir die volk veg nie, maar sy lede afgesonder, selfs in die tronksel, volhard in die stryd. Die stryd gaan nog swaarder word en daarom verg dit innerlike strydbewustheid by elke Afrikaner. Elkeen moet besiel wees met die gees van Piet Retief wat gesê het: „As daar vir my mense gevaar dreig, moet ek daar wees!" Afrikaanse moeders het op die trek nie by die kindergraffies agtergebly nie, maar voortgegaan. Geen jammerklag het uit die konsentrasiekampe geklink nie, maar wel die wekroep: „Veg vir oorwinning!"

Dit is die pad van die Afrikanervolk en ook die pad van die Ossewabrandwag, en op hierdie pad gaan hy die oorwinning vir die Afrikanervolk behaal.

Genl. Thos Pienaar, gebiedsleier van Natal, het verklaar dat daar vandag net twee magtige strome in die wêreld merkbaar is. **Aan die een kant is dit die kommunisme wat in ons land sy kragte uit agt miljoen nie-blankes put, en aan die ander kant die Ossewabrandwag wat die hele Afrikanervolk omsluit en die enigste teenvoeter van die kommunisme is.** Groot staatsmanne beweer dat een-tiende van 'n volk daardie volk kan maak of breek. Dit is nooit die groot massa wat deurslaggewend is nie. **Die Ossewabrandwag tel egter meer as daardie tien persent en hy gaan ons volk waaragtig maak.**

## Moontlikheid Geskep vir Elkeen Om 'n Vryheidsoffer te Bring

### K.G. se Oproep Insake Vryheidswissels

**„'n Volk veg in kampe en tronke vir sy bestaan en 'n beter toekoms vir sy kinders; het u in die stryd gehelp?" is die reguit vraag wat die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in onderstaande oproep stel in verband met die Vryheidsofferfonds. Vir elke Afrikaner is daar geleentheid om sy deel by te dra — ook vir diegene buite die Ossewabrandwag wat deur allerlei omstandighede belet word om aktief aan die stryd deel te neem. Die geleentheid daartoe word hom aangebied deur die Ossewabrandwag se vryheidswisselstelsel waaromtrent ons ook besonderhede publiseer soos deur die Finansiehoof verstrek.**

**Dr. Van Rensburg se oproep lui as volg:**

In verband met die onderstaande besonderhede verskaf deur die Finansiehoof van die Beweging aangaande die Vryheidswissels dien 'n paar kernpunte onthou te word deur elke vriend van die Ossewabrandwag en van die Republiek.

1. Soos geen ander roepstem het die Ossewabrandwag die besieling van die Afrikanervolk gepak en saamgevat in een vinnige stroom teen die Empire en sy kapitalistiese bondgenoot, **'n stroom wat deur g'n noodregulasie, g'n kamp en g'n tronk gestuit kon word nie.**

2. Soos g'n ander organisasie het die Ossewabrandwag se lede by die duisende die spit afgebyt in die republikeinse stryd met al die noodlyding wat op ons volk geval het.

3. **Alleen onder alle organisasies, netsy kerklik, kultureel of politiek, het die Ossewabrandwag die noodleniging van die slagoffers van konsentrasiekamp en tronk aanvaar en drie jaar lank vrouens en kinders van Afrikaners bygestaan, sonder om te vra of die gevange broodwinnaar lid van die Beweging is of nie. Sy blote Afrikanerskap was vir ons genoeg.**

4. Hierdie stryd is gevoer met 'n ongeëwenaarde vrywilligheid deur man, vrou en kind, jaar in en jaar uit. Geld het daarin die mindere rol gespeel — ons is nie gedra deur groot kapitalistiese koerante nie, maar deur liefde en persoonlike opoffering.

Maar vir sekere organisatoriese doeleindes is geldelike uitgawes onvermydelik en noodsaaklik.

5. **Die doel van die Vryheidsofferfonds, die Vryheidswissels, is juis om 'n meer billike verdeling van die stryd moontlik te maak.** Benewens die strydende lede in die kommando's wat oor die vyf jaar lank die taaie stryd voer, is daar duisende van goedgesindes wat om een of ander goeie rede nie openlik en aktief die stryd kan aanbind teen die Imperialisme en die Joodse kapitalisme nie.

Diesulkes kan hul goeie gesindheid bewys deur bydraes na hul vermoë tot die Vryheidsofferfonds, bydraes wat onthou en geboekstaaf word deur 'n getekende en genommerde wissel vir die betrokke bedrag, wat deur die bydraer vir toekomstige referensie bewaar word.

Gehoop word dat iedereen, wat kan, sal bydra **maar veral diegene wat nie die aktiewe offers van die stryd kan bring nie.**

**'n Volk veg in kampe en tronke vir sy bestaan en 'n beter toekoms vir sy kinders! Het u in die stryd gehelp?**

(Get.) J. F. VAN RENSBURG,
Kommandant-generaal.

#### BESONDERHEDE OMTRENT DIE OFFERFONDS

Onderstaande is die besonderhede soos deur die Finansiehoof vir publikasie verstrek. Meer volledige inligting kan deur offisiere van die Ossewabrandwag, alle kommandante(s) ingeslote, verskaf word. Manne-kommando's word in besonder met insameling belas, **dus is die nodige vorms en kwitansies reeds in besit van alle manne-kommandante, baie van wie reeds begin insamel het. Dusver loop Stellenbosch se manne-kommando voor met 'n totale bedrag van £545.**

Die Finansiehoof deel verder mee:

Met die reorganisasie en die daarmee gepaardgaande sentralisasie van ons beweging, is hoë finansiële verpligtings op die sentrale finansies gelê. Die Finansiële Hoofkwartier wat deur die reorganisasie in die lewe geroep is, moet nou al die administrasiekoste van die organisasie wat nie onder die gebiede val nie, dra. Dit sluit in die koste verbonde aan die kantore van die Kommandant-generaal en van die Adjunk-Komdt.-generaal; aan afdelings soos Voorligting (insluitende „Die O.B."), Arbeid en Sosiale Volksorg; die Uniale Boerejeug-vertakking en aan die Grootraad en Vroue-adjunkraad.

Die enigste bronne van inkomste vir die Finansiële Hoofkwartier is die persentasie van die 8 Augustus-opbrengs wat aan hom afgestaan word, en die Vryheidsofferfonds, laasgenoemde waarvan gebou word op Vryheidswissels van £5, £10, £25, £50, £100, £250, £500 of £1000 elk, elkeen waarvan deur die Kommandant-generaal persoonlik onderteken word en aan die betrokke skenker uitgereik word.

Die bydraes kan kontant of paaiementsgewyse betaal word.

**Die Vryheidsofferfonds rig hom veral tot die gegoedes in en buite ons beweging** en stel hulle in die geleentheid om langs hierdie weg hul geldelike offers vir die saak van nasionale en sosiale vryheid te bring. Daarom is die kleinste Vryheidswissel £5. Die Vryheidsofferfonds wil egter nie die offervaardigheid van die mindere gegoedes in en buite ons Beweging uitsluit nie. Hulle kan ook ten volle hiervan gebruik maak, waarvan ons reeds talle voorbeelde kan aanhaal.

Die V.O.F. staan onder die beheer en toesig van die Finansiële Beheerkomitee, bestaande uit die K.G., Adjunk-K.G., Finansiehoof en Voorligtingshoof. Alle uitgawes van die Finansiële Hoofkwartier geskied volgens begroting wat vooraf deur die Finansiële Beheerkomitee goedgekeur moet word.

## KOMMANDO'S REG VIR 8 AUGUSTUS

**Uit gesprekke met offisiere blyk dat die kommando's vanjaar 'n buitengewone poging gaan aanwend om fondse in te samel vir O.B.-dag op 8 Augustus. Die nuwe fase van stryd wat die Ossewabrandwag binnegetree het in die stede, waar hy tans besig is om die Afrikanerwerker uit die kloue van Moskou te red, het besielend ingewerk op die vegtende eenhede van die Beweging. Die Brandwagte besef dat die Ossewabrandwag nou die stadium bereik het waarin hy die stryd om mag aangeknoop het, en dat daar in hierdie stryd hoë eise aan sy geldelike vermoë gestel gaan word. Die offisiere en manskappe is egter vasberade dat gebrek aan fondse nie in die pad sal staan van die oorwinning nie.**

## DEMOKRATE WERK DAT SWEET SO LOOP

Op 16 September 1943 het die regering aangekondig dat hy **30,000 huise gaan oprig binne die „eersvolgende twaalf maande".** Dit sou die eerste paaiement wees van 'n omvattende behuisingsplan.

Op 22 Mei 1944 — dus ¾ jaar later — word deur dieselfde regering aangekondig: **„Die regering het BESLUIT om met 'n skema te BEGIN van £8,000,000 vir die bou van ongeveer 15,000 huise in die loop van die volgende twaalf maande."**

Verder heet dit dat die program uitgevoer sal word deur stadsrade en utiliteitsmaatskappye, wat deur die regering **gevra sal word** hoeveel vakmanne en boumateriaal deur hulle benodig sal wees. Hulle moet so spoedig moontlik laat weet. „Sodra hierdie inligting ontvang is, sal die regering soveel arbeid en materiaal as moontlik **beskikbaar stel** vir die doel."

Met hierdie „twaalfmaande-druppels" word 'n volk gedokter wanneer hy die dag slagoffer is van demokratiese onbevoegdheid.



ONDERSTEUN ! ! ! !

**Poskantoor Haarkappers**

Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA

vir

DAMES en MANS

Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

**Schoemanello Drank....**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Noem die O.B. wanneer u by Adverteerders koop.

## *VIR DIE BOEREJEUG*

### *Predikant se Moedige Optrede in Tronk*

In hierdie dae van oorlog en stryd kom baie gevalle van moed en volharding onder ons aandag. Van so 'n geval het onlangs 'n kort beriggie in Die O.B. verskyn. Daarvan sal die Boerejeug seker graag meer wil verneem.

Dis 'n bekende feit waarvoor ons dankbaar is dat ons Afrikaanse predikante vir die grootste gedeelte innig saamleef en saamstreef met hulle volk. Ons begryp dus dat ook van hulle in tye van volksgevaar in die gedrang sal kom. Predikante in gevangenisse en interneringskampe is nie 'n vreemde verskynsel in ons land nie: tydens die Driejarige Oorlog, die Rebellie en ook weer in hierdie oorlog moes predikante saam met hulle volksgenote die spit afbyt. So moes ook die jeugdige ds. Koot Vorster, destyds O.B.-generaal te Kaapstad ,met 'n vonnis van drie jaar dwangarbeid na die tronk. Voor hy egter die opgelegde straf kon ondergaan, moes hy eers twee swaar operasies deurmaak wat hom maandelank in die hospitaal gehou het.

Van die hospitaal is hy na die Pretoriase gevangenis. Al spoedig doen hy aansoek om intussen ook met sy studies te mag voortgaan. Dit is hom deur die betrokke outoriteite goedgunstig toegestaan. **So gebeur dit dan dat 'n dominee in die tronk kandidaat word vir die Magistereksamen in die Godgeleerdheid.**

Af en toe mog prof. dr. Stoker van Potchefstroom hom besoek om hom leiding te gee en van boeke te voorsien, afkomstig uit die biblioteek van 'n twaalftal vriende. **Prof. Stoker het later egter self in die interneringskamp beland en sy taak is toe deur prof. dr. S. du Toit, ook van Potchefstroom oorgeneem.** Onder dit alles het die student moedig deurgewerk en kom hy eindelik voor die eksamen te staan. Dink 'n bietjie daaraan: **die kandidaat skryf sy eksamen in die tronk en 'n paar van sy vraestelle word deur 'n eksaminator in die interneringskamp nagesien!** En die resultaat? **Hy slaag met lof.** Voorwaar 'n voorbeeld van moed en volharding, maar boweal van geloof.

Nou verstaan ons beter waarom 'n simpatieke gehoor die toekenning van die graad M.Div. aan ds. Jacobus Daniël Vorster met 'n besonder hartlike applous vereer het. En die Boerejeug sê:

ONS BRING HULDE

## MEER LONGE GEOFFER AAN GOUDGOD

Volgens verslag van die Geneeskundige Buro vir Myntering is daar 'n toename in die mynteringsyfers vir blanke werkers. Waar die syfer in 1938-39 tot 15.46 per duisend gedaal het, het dit in 1940-41 gestyg tot 18.67 per duisend.



JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam .................................................

Adres .................................................

.................................................

# *Brief Aan My Demokratiese Vriend*

## *Kom Ons Probeer Nogeens die Ou Wapen*

Geagte Volksgenoot,—Soos ek verlede keer geskryf het was die plaas wat broer Piet en ek op demokratiese wyse bestuur het, vinnig op pad om bankrot te raak en hy en ek om ewige vyande te word. So gaan dit ook met ons land. 'n Groot verandering is noodsaaklik, maar voordat ons nou daardie verandering teweegbring, **kom ons probeer nog eenmaal die ou metode om daardie verandering mee te bewerkstellig.** Ons gaan nie 'n wapen weggooi solank ons hom nog kan gebruik nie.

Kom, ons twee gaan ons vir die volgende verkiesing aanmeld as organiseerders van Party A. Sy beginsels en beleid lyk goed. Hy wil ook ons volk ophef, net soos jy en ek beoog. Kom ons organiseer saam in hierdie kiesafdeling. Laat ons nou eers die kieserslyste nagaan. Daar is 7,000 kiesers in die afdeling. Volgens die lyste van ons Party behoort 3,000 van hulle aan ons Party. Dit is mense wat die bekering nie nodig het nie, en op hulle kan ons staat maak. Ek het afskrifte van ons teenstanders se partylyste, en daarvolgens is daar ook omtrent 3,000 kiesers wat aan Party B behoort. Ons is dus taamlik gelykop hier wat lede betref, sodat dit 'n kwaai stryd sal afgee.

Jy stel voor dat ons moet probeer om van daardie 3,000 B-manne te bekeer tot ons party se standpunt?

Ou vriend, **sal jy in hierdie verkiesing teen jou party stem?** Nimmer as te nooit ,sê jy? Jy sal nie jou party in die steek laat en verraad pleeg teenoor hom nie? Ek waardeer jou beginselvastheid. 'n Boer is 'n man wat nie maklik swaai nie. As jy weier om jou party in die steek te laat, toon jy maar net daardeur dat jy 'n regte Boer is.

**OOK HULLE !**

**Maar my vriend, die mense daar oorkant in Party B is ook Boere, al staan hul gedagtes nou so 'n bietjie verkeerde kant toe. Net so min as wat jy en ek bereid is om ons party in die steek te laat, net so min gaan hulle dit doen. Dit is asem mors om met hulle te gaan stry. Hoeveel B-manne het jy al ooit bekeer? Jy het talle van hulle al kwaad gemaak, maar nog nie een bekeer nie. 'n Boer bly 'n Boer en hy hou waar hy het.**

Kom, ons probeer liewer die ander duisend wat aan geen van die twee partye behoort nie. Miskien gaan dit makliker om hulle oor te haal. Maar kom ons kyk eers wie hulle is. Met uitsondering van die paar onderwysers en poskantoor-amptenare wat belet is om aan politiek deel te neem, **is hulle die mense wat geen belang in politiek stel nie. Daarom behoort hulle aan geen party nie. Hulle is die mense wat nie vaderlandsliefde het nie, wat nie bekommerd is oor die welvaart van die volk nie, maar wat bereid is om te stem vir die kandidaat wat vir hulle die mooiste beloftes maak. Hulle is die mense wat altyd aan die wenkant wil wees. Waar daar wins te haal is, sal jy hulle kry, maar waar daar geoffer moet word, makeer hulle.** As ons hulle stemme wil hê, sal ons hulle nog moet a a n r y na die stembus. Vanself sal hulle nie gaan nie, want hulle het geen belangstelling of liefde vir die saak nie.

Vriend, nou skrik ek vir hierdie mense. As hulle dan geen belang stel in land- en volksake nie, **sal ons hulle mos nooit wen met ons pragtige beginsels en ideale nie!** En wat meer is, ons mag miskien nog vir hulle die mooi dinge van die lewe voorhou waarvan hulle niks verstaan nie, maar Party B kan hulle dalk iets gee waarin hulle groter belang stel, by voorbeeld komberse of skoene. **Ons sal ook maar in hul taal moet praat. Ons sal nie kan praat van 'n republiek nie, want dan skrik hulle. Ons sal nie kan praat van die goudstandaard nie, want daarvan het hulle geen begrip nie. Ons sal nie hul harte kan week maak oor die armblankevraagstuk nie, want hulle gee nie om vir ons bloed nie. Ons sal hulle nie kan oorreed met skrikbeelde van gemengde huwelike en kommunisme nie, want hulle gee nie om nie. Baie van hulle is selfs mense wat hierdie dinge voorstaan. Dus, pasop! Nie hieroor praat met hulle nie, dan stem hulle vir die ander party!**

**BENOUD**

My vriend, ek word nou benoud. Weet jy met wie ons hier te doen het? ONS HET TE DOEN MET DIE MENSE WAT DIE BELEID VAN DIE LAND BEPAAL. ONS HET TE DOEN MET DIE REGTERS OOR DIE WEL EN WEE VAN ONS VOLK ! Want kyk, **dis hulle wat die deurslag in die verkiesing gaan gee. Dis is na hulle smaak wat die beleid gevorm moet word ten einde hul stemme te trek.** Nie ons 3,000 lede of Party B se 3,000 lede gaan die deurslag gee nie, maar daardie party gaan wen wat daarin slaag om die steun van hierdie loslopers, hierdie trekvoëls, te bemagtig! En hoe gaan ONS dit bemagtig? Ons met ons mooi ideale van vryheid en moedertaal? Daar bly vir ons niks anders oor as om ook maar hul taal te praat nie.

**En watter taal dink jy verstaan hulle die beste? Vaderlandsliefde het hulle nie, volksliefde besit hulle nie en van ekonomiese vraagstukke weet hulle niks. Maar hulle kan darem onderskei tussen wit klei en swart modder. Ons sal onsself moet wit smeer soos engeltjies en ons sal ons broers in Party B moet swart smeer soos duiwels.** Dis al kans. Dis wreed om daaraan te dink, maar dis al kans om te wen. En alleen deur te wen by die stembus, kan jy en ek vir ons volk en land iets verrig. Ons sal maar ons oë moet toemaak. Die stryd sal bitter wees teen ons broers, ou vriend, want hulle is bloed van ons bloed. Vir hulle en ons wag daar dieselfde toekoms of dit sonskyn gaan wees of verdrukking, maar ons sal hulle moet swart smeer voor die klomp vreemdelinge om die oorwinning te kan behaal, en hulle vir ons. Die oorwinning behaal? Ons? **Teen watter prys gaan ons wen? Die vriendskap van ons broers, die eenheid van ons volk en die eer van ons naam, ou vriend, dit is die prys wat jy en ek bereid moet wees om vir ons oorwinning te betaal.**

Ek sê ons oorwinning? Vir hoe lank gaan ons aan bewind bly as ons met behulp van hierdie skuim en politieke trekvoëls die oorwinning behaal? **Oor vyf jaar gaan hulle ons weer oordeel. Oor vyf jaar sit hierdie regters weer oor ons volk — hierdie skuim wat geen politieke oordeel het nie, die strompelende dronkaard, die lasterende skollie en die stotterende idioot wat die prestasie behaal het om 21 jaar oud te word en daarom as regter oor 'n volk se wel en wee kan sit!** Ons is in hulle mag ou vriend, ons sal maar na hulle pype moet dans **selfs al regeer ons.** Ons sal maar moet stilsit en niksdoen nie hierdie vyf jaar wat voorlê. Vir ons getroue lede sal ons moet verduidelik dat die tyd nog nie ryp is nie. Jy en ek sit in 'n wag-en-bietjiebos verstrik. Stilsit is al kans. En as Party B se mense aan bewind kom, ook hulle sal maar niks kan uitrig nie. Hulle sal ook maar so min aanstoot as moontlik moet gee aan die ,,regters van ons volk'' om volgende verkiesing nog hul steun te behou.

**Vriend, ek kan nou verstaan waarom ons vandag 'n halfmiljoen meer arm mense het as tien jaar gelede. Ek begin insien waarom ons kleurvraagstuk nog nie opgelos is nie en waarom gemengde huwelike nog toegelaat word ondanks oom Piet Grobler se voorstel in 1911 om dit te belet.**

## ROLPRENT BESIEL

Hoofgenl. Henri Slegtkamp berig dat die rolprent ,,Die Ontwaakte Afrikanerdom'' op 22 April groot belangstelling te Roos-Senekal in die laeveld gewek het. Mense het oral vandaan met ossewaens daarheen gegaan, en elf vol gelaaide waens het opgedaag. Die mense het die prent besonder geniet en is vol geesdrif en besieling daar weg.

# O.B. se Lewensopvatting is Dié Van die Onbevoorregtes

## Stad en Platteland Gaan Saam Veg

**Deur middel van die Ossewabrandwag het ons onder die diepste indruk gekom van die werklikheid van die Afrikanerdom en dat die volk, as die samevatting van ons geskiedenis en tradisies, nie deelbaar is nie, het genl. F. D. du Toit van Zyl, waarnemende Adjunk-K.G., verlede Donderdagaand op 'n vergadering te Bellville gesê.**

Die verdeling wat daar bestaan tussen lede van die volk is iets wat kunsmatig bewerkstellig is en aan die gang gehou word deur groeperinge in afsonderlike partye wat met mekaar wedywer. In die Ossewabrandwag het die volk die weg gevind waardeur hy net so 'n politieke, ekonomiese en maatskaplike eenheid kan word as wat hy 'n geskiedkundige, natuurlike en geografiese eenheid is. **Die uitlewing van hierdie natuurlike eenheid was nie moontlik binne die ou demokratiese bedeling nie omdat dit die volk noodwendig verdeel het.** Die ou bedeling het berus op die opvatting dat alle enkelinge gelykwaardig is. Maar dit is 'n valse opvatting. Alle mense is nie gelykwaardig nie. Sommige is flukser, slimmer of meer ondernemend as hul medemense, en wanneer jy handel asof almal eners is, sak die swakkeres noodwendig uit. **Die demokrasie het dan ook in duie gestort omdat hy op hierdie valse grondslag berus.** Op grond van die glykwaardigheidsbeginsel is daar haas geen beperkings gestel op diegene wat soms hul meerdere verstand en energie — maar gewoonlik hul groter geslepenheid — gebruik het om hul medemens tot hul eie voordeel uit te buit nie. **In die praktyk het dit daarop neergekom dat die groot volksmassa al die nadeel moes ontvang terwyl al die voordeel in die skoot van 'n klein getal beland het.** Om homself dan te handhaaf sorg die uitbuiter altyd dat hy die stem het van een of ander politieke party en sy gediengstige pers wat die volksmassa sus met die gedagte dat die volk darem die laaste seggenskap het wat hy by die stembus beoefen.

**NUWE GEDAGTE**

As gevolg van die uitbuiting van die volksmassa het toestande so treurig geword dat 'n reaksie moes kom. Hierdie reaksie het in ons tyd ontwikkel tot 'n geweldige rewolusie. **Uitgangspunt van hierdie rewolusie is dat alle individue tog nie gelykwaardig is nie, maar dat hulle in elk geval almal lede is van 'n volk; dat die volk se belange altyd groter is as die van die enkeling; en dat die volksbelang alleen op sy beste gedien kan word as die belange van die groot volksmassa nie ondergeskik gemaak word aan die belange van uitgesoekte groepe nie.** Om uitvoering te gee aan hierdie verlange het die Ossewabrandwag tot stand gekom as 'n volksbeweging gegrond op die nasionalisme van die volk en sy natuurlike eenheid, in direkte teëstelling met die volksverdelende partystelsel wat uitputting en ellende nie kon verhoed nie. Deur die volk as 'n ondeelbare eenheid te aanvaar en die lotsbestemming van die volk vas te koppel aan die bestemming van elke onderdeel van die volk, dus ook die minsbevoorregte stande, word die nasionale volksbeweging ook 'n sosialistiese beweging. Nasionalisme kan nooit geskei word van ware nasionalisme nie.

Dit spreek dan ook vanself dat die ideologiese strewe van die ware volksbeweging nooit volkome kan wees indien dit nie 'n weerspieëling is van die verlanges, behoeftes en idealisme van die volk as geheel nie. **Allermins kan 'n volksbeweging daarop roem dat hy nasionaal is indien in sy ideologie uiting gegee word slegs aan die aspirasies van hoër en gelukkiger stande van die volk. Die volksbeweging kan alleen nasionaal wees indien dit groei uit die lewensbeskouing van die minderbevoorregte dele van die volk en uiting gee aan die behoeftes en verlanges van daardie groot volksmassa.** Maar al is die ideologiese inhoud van die volksbeweging dié van die minderbevoorregte klasse dan sluit dit nogtans nie die kleiner volksgroep wat meer bevoorreg is uit nie. Dis te sê waar daardie deel van die volk waarlik nasionaal is, want om opreg nasionaal te wees beteken om diens te doen aan die belange van die volk van die toekoms. Daardie belange is só nou verbonde aan die belange van die mindergegoede stande van die volk van vandag dat die bevoorregte nasionaalvoelende volksgenoot sy lot moet inwerp met dié van die minderbevoorregte. Hy moet dus sosialisties wees, indien nasionaal.

Waar die besittende sy lot inwerp met dié van die nie-besittende volksdeel beteken dit glad nie dat hy van sy besitting beroof word nie. Hy sal nog altyd voordeel trek insoverre sy voorsprong gebaseer is op meerdere bekwaamheid, energie en toegewyde diens. **Al wat van hom verlang word is dat sy insiatief en bekwaamheid ook tot voordeel van die volk as geheel sal strek; of minstens dat sy talente nie misbruik sal word tot nadeel van sy volksgenote nie.**

**ARBEIDERS**

Die Afrikanervolk is vandag hoofsaaklik 'n volk van arbeiders. Die Ossewabrandwag bestaan dan ook hoofsaaklik uit diegene wat elke dag moet worstel vir 'n bestaan. **Dit is dus vanselfsprekend dat hy hom moet toespits op die werkers omdat hy waarlik 'n volksbeweging is.** Dit sal dan ook die arbeidende klas wees wat die deurslag gaan gee in die rewolusie. Die Afrikaner-arbeider is meesal in ons groot stede gekonsentreer. In die verlede het daar 'n neiging bestaan om die stede en platteland van mekaar te skei, en plattelanders het in die verlede uit onkunde dikwels die arbeiders in hul stryd om bestaan beveg. **Danksy die Ossewabrandwag kan die hele volk tans saamskakel as arbeidende gemeenskap en sal hierdie ding nooit weer herhaal word nie. Die hele volk staan vandag deur middel van die Ossewabrandwag agter die arbeider, en die arbeider staan binne die volksgeledere. As gevolg hiervan verenig die Ossewabrandwag in die stryd kragte wat die nasionale oorwinning veel gouer moontlik gaan maak.** Dit gaan 'n onkeerbare krag word. Die Engelssprekende Afrikaner wie se lewensbehoefte ooreenstem met dié van die arbeidende Afrikanervolk, veel meer as met dié van sy oorsese stamgenoot, sal meegesleur word. Daarom moet elke Brandwag in sy werk en oral waar hy kom met ander volksgenote, ook Engelssprekendes, gesels en hulle daarop wys dat hul belange die beste behartig sal wees in 'n gesagstaat wat ook ingerig is om die belange te beskerm van die groot arbeidende volksmassa. Die Ossewabrandwag word aangevuur deur die herontdekking van die siel wat daar is in honderde duisende verarmde volksgenote, met verlange na 'n meer menswaardige bestaan, met sorg vervul oor die toekoms van hul skraalversorgde kroos en met dieselfde behoeftes wat elkeen van ons/het. Voordat die daeraad vir al die volksgenote aanbreek, sal die Ossewabrandwag die stryd nie gewonne gee nie.

Genl. Van Zyl het by die aanvang van sy toespraak die O.B.-wag gelukgewens en gesê dat hier 'n geleentheid gebied word vir jongmense om hul volk aktief te dien. Eenmaal in die gesagstaat sal hierdie jongmanne 'n belangrike plek in diens van hul volk beklee.

Die vergadering is gelei deur waarnemende komdt. B. F. D. van Niekerk, en is met gebed geopen deur mnr. P. J. Meyer. Genl. E. G. de V. Retief het die spreker verwelkom en ook 'n boodskap van die generaalskap aan die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, aan genl. Van Zyl oorhandig, waarin die generaalskap sy respek en liefde vir die A.K.G. betuig en hom 'n spoedige herstel toewens.

## A.N.S. SE STUDENTE-WERKERSKONGRES

'n Gebeurtenis wat uniek is in die geskiedenis van Afrikaanse studente-organisasie vind vanaf 3—6 Julie plaas wanneer die Afrikaans-Nasionale Studentebond sy Elfde Jaarlikse Kongres in Johannesburg byeenroep in die vorm van 'n Studente-Werkerskongres. Daar wil die A.N.S. met die werkersgemeenskap van Johannesburg op heel praktiese wyse nouer kontak maak, om saam met hulle die stryd téén die kommunisme en vír Afrikaner-sosialisme voort te set.

Hooffigure wat die besprekings sal inlei is: dr. S. P. van der Walt, die vooraanstaande Afrikaanse leier op arbeidsgebied in Johannesburg; mnr. Ben Schoeman, 'n ander bekende deskundige op die gebied van arbeidsake; dr. Erika Theron, van die Universiteit van Stellenbosch; en mnr. W. R. Laubscher, Stafhoof van die Arbeidslaer.

'n Baie belangrike deel van die verrigtinge word gelewer in die vorm van toesprake deur 'n hele aantal werkers self, verteenwoordigende die verskillende bedrywe. Soos gebruiklik sal die Erepresident van die A.N.S., dr. Hans van Rensburg, die sluitingsrede waarneem.

Saam met hierdie werksaamhede word daar vir die kongresgangers ook arbeidsdiens gereël en verskeie besoeke aan myne, fabrieke en werkersgemeenskappe.

Die A.N.S. het in die afgelope jare reeds veel bygedra tot die ontwikkeling van die idee van 'n Afrikaanse volkstaat waarin die werker tot sy reg sal kom binne die geheel van die volkslewe. So het die vorige Kongres gestaan in die teken van arbeid as volksdiens. Hierdie keer neem die verrigtings meer as tevore 'n praktiese vorm aan, en veel word verwag daarvan.

## GENLE. DU TOIT OP OUDTSHOORN

Die Oudtshoorn-kommando het op Saterdag, 3 Junie, die voorreg gehad om die Hoofvrou van Gebied A, genle. mev. J. S. du Toit, te ontvang. Die middag het sy die vriendskapsentrum geopen en die kommando gelukgewens met die vooruitgang.

Gedurende die aand is 'n vergadering gehou waar genle. Du Toit en komdt. J. Haak as sprekers opgetree het. Dit is met gebed geopen en die sprekers is deur hoofgenl. Jurgens Schoeman verwelkom. Genle. Du Toit het o.a. die gevaar van verdeeldheid beklemtoon wat as gevolg van die huidige stelsel nie net tot die politiek beperk is nie, maar ook deurdring tot die gesinslewe. Hierdie verdeeldheid kan slegs deur 'n Volksbeweging soos die Ossewabrandwag beëindig word wat die hele volk in 'n eenheid wil saamvat en die partystelsel verban.

Die erewag het 'n flinke indruk gemaak.—(Ingestuur.)

W. VOIGT (Eiens.) Ppk

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

OUDTSHOORN !

'N GROOT GESAMENTLIKE

TENTOONSTELLING

van

SKILDERYE

deur

PETRUS VAN EMMENIS

en

JOHANNA

(Twee Kunstenaars van Kaapstad)

in die

Templars-Saal, Oudtshoorn

vanaf

VRYDAG 23 JUNIE tot SATERDAG 1 JULIE 1944.

Daar sal ook 'n hele paar werke van u eie omgewing en dorp wees!

Mnr. van Emmenis is ook bereid om 'n skildery van u mooi plaas te skilder.

L.W. — Die tentoonstelling sal saam met die S.A.O.U.-Kongres wat te Oudtshoorn gehou sal word.

BETSJOEANALAND ! !

(VRYBURG)

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! ! GELD ! ! !

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,

40(a) du Plessis Gebou, Markstraat.

Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."

VRYBURG.

DE KOCK SE GARAGES

Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Foon 10 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS !

V.M.K. AANBEVEEL.

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.

AANDAG ! !

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,

„EXCELSIOR"

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

# Rewolusie Die Keuse

'n Mens sit nie 'n nuwe lap op 'n ou kleed nie. Dit maak net nog 'n groter skeur. Hierdie Bybelse waarheid is so 'n vanselfsprekendheid dat mens verbaas is dat daar nog mense is wat dit nie kan insien sover dit ons politieke lewe betref nie. Daar is nog Afrikaners wat meen dat hulle in hierdie tyd van revolusionêre storms skuiling sal vind binne die verslete wande van 'n ou-ou afgeleefde stelsel. Al wat nodig is, so waan hulle, is om so 'n bietjie opknapwerk aan die ou stelsel te doen. En dan word daar ook nog gedink dat daar op die oomblik 'n stryd om mag aan die gang is tussen 'n aantal politieke partye, waaronder die Ossewabrandwag ook getel word as 'n sogenaamde „Van Rensburgparty". Dit is dan eintlik 'n mededinging tussen vier, ses of nege politieke partye, elkeen met sy eie leier en programmetjie van beginsels om die meerderheidstem van die Suid-Afrikaanse kiesers — so 'n tradisionele partyspeletjie waaraan ons al gewoon geraak het.

Wat 'n skokkende ontnugtering wag hierdie mense nie! Hulle sal nog vreedsaam besig wees met hul lapwerk wanneer hulle tot die late werklikheid geroep sal word deur die knalle van agterkopskote. **In Rusland het hierdie selfde blindheid geheers, veral by die destydse Ortodokse Kerk. So word vertel hoe die hoogste kerklike vergadering in 1917 juis in sitting was en twee dae lank beraadslaag het of die koord van 'n sekere kerklike kleed wit dan of dit liewer geel sal wees. En onderwyl hulle so beraadslaag het, het die Rooi Revolusie sy bloedige slagoffers in Moskou se strate ingesamel.** En daardie beraadslagende kerkmanne het kort daarna geleentheid gehad om hul bespreking in die een of ander Siberiese dwangkamp voort te sit in 'n atmosfeer wat heelwat verskil het van die loue koestering van selftevredenheid wat hulle eeue lank gesmaak het.

**Dit is vandag nie meer 'n kwessie van wie moet die land regeer nie — hierdie of daardie party nie, maar hoe gaan die revolusie lyk wat die ou uitgediende orde gaan omverwerp. Gaan dit die gewetenlose hordes van Moskou wees wat deur jare van opstoking dronk gemaak is met haat vir alles wat die Christelike beskawing opgelewer het, of gaan dit 'n revolusie wees waarin die nasionale en Christelike beginsels behoue gaan bly?** Dit is die onverbiddelike keuse wat hom vandag opdring aan elke denkende mens. Net die blindes wat met geslote oë vasklem aan 'n ondergaande orde waaraan hulle nie uit redelike nie, maar uit valse tradisieoorwegings bly vaskleef, sal nog meen dat die stryd eintlik tussen Sy Majesteit se Regering, Sy Majesteit se Opposisie, die „Van Rensburgparty" en besmoontlik ook die Kommunistiese Party beslis moet word. Die kommuniste is ook maar 'n party, so meen hulle, en hulle sal tog nooit die meerderheid by die stembus behaal nie. **Laat hierdie mense aan Rusland en Spanje vra en laat hulle nou aan Italië en „bevryde" Frankryk vra of die kommunisme met sy agterkop-skote maar net 'n mededinger is in die vyfjaarlikse speletjie om besit van die parlementêre kussings, en of dit nie die grootste revolusionêre skrikbewind is wat die wêreld nog ooit geken het nie.**

Hierdie aanstormende wêreldrevolusie wie se voetval reeds op Suid-Afrikaanse bodem al harder en harder dreun, moet glo gekeer word deur die koukus-besluit van die een of ander politieke party wat toevallig die meerderheid in die parlement sal uitmaak! **Hierdie mense besef nie dat die kommunisme besig is om sy rekrute by die duisende te werf — nie aan die hand van kieserslyste nie, maar in die afgeleë naturellegebiede waar nog nooit 'n stembus gesien is nie.**

Die Parlementêre stelsel het gefaal en sy laaste kans om hom voor die oë van tienduisende hongerlydendes in ons land enigsins te herstel, het verlore gegaan by die jongste sitting toe die volk met vyfmiljoen leë woorde gevoed is in plaas van met 'n daad wat die wapen uit die kommuniste se hande kon slaan. En saam met die parlementêre stelsel en alles wat daarmee saamhang, gaan die hele blanke beskawing na die afgrond **indien die volk hom nie betyds verenig nie binne daardie enigste buiteparlementêre volksbeweging wat die sameballing sal vorm teen die aanslag van die kommunisme.** Die enigste sameballing, sê ons, omdat die wêreld voor 'n revolusie staan, en die Ossewabrandwag is in ons land die enigste ander revolusionêre beweging wat teen die ou orde aanslaan. **Die vraag is net: onder wie se mokerhoue gaan die ou stelsel intuimel, onder die anti-nasionale en anti-Christelike houe van die kommunisme, of onder die aanslae van die nasionale en Christelike Ossewabrandwag?**

# Nuwe Verrassings en Verwarrings

(DEUR PROF. J. A. WIID.)

Hoewel die huidige wêreldbrand reeds byna vyf jaar oud is, het dit nog nie te oud geword om nuwe verrassings en verwarrings te lewer nie. Een van die jongste hiervan is die oombliklike houding van die volke in Europa teenoor die besettende Duitsers en die invallende Angel-Saksers.

Die inval in Normandie is nog maar vars en het sedert die landing nog niks sensasiewekkend tot stand gebring nie. Die inval is egter oud genoeg om in die besette Europa, en veral in Frankryk, 'n storm van sabotasie en opstand teen die Duitsers te laat woed. Het die wêreld dan nie jaar-uit en jaar-in uit Washington en Londen verneem dat die volke in die besette Europa ongeduldig op die uur van hul bevryding wag nie? Het ons uit dieselfde bronne dan nie herhaaldelik verneem hoe Franse, Hollanders, Belge, Pole, Nore, Dene en Balkanvolke die besettende Duitsers in die rug sal steek sodra die inval van die Angel-Saksers plaasvind nie? Was dit dan ook nie redelik om te verwag dat die van nature opgewonde Franse volk, met sy eeue-lange tradisie van Duits-Franse vyandskap, weereens, soos dikwels in die verlede, ontvlambaar sal word nie en die besettende Duitsers uit hul vaderland help verjaag nie?

Tot dusver het daar nog niks van hierdie aard plaasgevind nie. Ons verneem inteendeel uit Geallieerde bronne dat die Franse in die „bevryde" kusgebied apaties teenoor hul „bevryders" staan, dat Franse vrouens op die Brits-Amerikaanse troepe skiet en dat Russe, Pole en Tsjegge aan die Duitse kant in Frankryk veg. Dit lyk dus of die Europese verwelkoming aan die Angel-Saksiese „bevryders" nie algemeen is nie. Genl. De Gaulle wat die kushoof in Normandie besoek het, het nie lang daar vertoef nie en op die oomblik lyk dit, wat die toekomstige ontwikkelinge op die Europese vasteland ook al mag wees, of die volke van die besettte Europa nie erg geesdriftig teenoor hul „bevryders" staan nie. Dit is moontlik dat die gewone Fransman op die oomblik nog die voorkeur gee aan 'n tydelike Duitse besetting bo 'n Angel-Saksiese inval wat Frankryk nog eens in 'n verwoeste oorlogsterrein, met al sy afskuwelikhede, kan omskep. Dit is bekend dat die Fransman in die verlede die Duitser gehaat het maar tegelyk ook geen groot liefde vir die Angel-Sakser gekoester het nie. Die toekoms sal nog moet bewys of die Geallieerdes se besetting van Franse kolonies en veral die Geallieerdes se lugaanvalle op Franse stede, 'n grondige verandering in die gemoedstemming van die „Galliese Haan" aangebring het. Wat vir die Franse volk geld mag ook vir ander volke van die besette Europa geld.

### Verwarrings en Verrassings in Ander Dele van Europa.

Verwarrings en verrassings is ook in ander dele van Europa geen seldsaamheid nie. Op die oomblik het die Italiaanse koning met sy maarskalk, wat vir die Italiaanse kapitulasie aan die Angel-Saksers verantwoordelik was, van die toneel verdwyn. Onder die „bevryde" Italiane speel hierdie twee manne vandag geen openbare rol nie. Soortgelyke verrassings en verwarrings vind in Suid-Slawie, Griekeland en Pole plaas. Orals het Angel-Saksiese beskermlinge plek gemaak vir ander bevryders wat meesal die oog op Moskou i.p.v. Washington en Londen rig. Toestande onder „bevrydes" en „bevryders" in die besette Europa is voorwaar verward.

Nie minder verward is die verhoudings tussen die Angel-Saksers en hul Russiese bondgenote nie. Gedurende die laaste jare het hierdie bondgenote bittere verwyte teen mekaar gemaak. Dit is bekend hoe Moskou in die dae van sy beproewing op die opening van 'n tweede front in die Weste aangedring het . Vandag sit die Angel-Saksers in Normandie maar al noemenswaardige bystand wat die Russe op die oomblik aan sy bondgenote verleen, is 'n aanval op die klein Finse volkie. Hoe het die tye nie maar verander nie! Toe Rusland teen die end van 1939 en die begin van 1940 Finland binnegeval het, is hy in die Angel-Saksiese wêreld uitgekryt as 'n „aggressor" en het hy in Geneefse volkebondse kringe in warm water beland. Vandag word Russiese verowerings in Finland in Angel-Saksiese regeringskringe verwelkom en toegejuig. Die Finse diplomatieke verteenwoordigers in Washington is deur die Rooseveltse regering selfs gelas om die V.S.A. te verlaat.

### Die Nuwe Duitse Wapen

Die jongste verrassing wat verwarring skep is sonder twyfel die nuwe wapen wat die Duitsers teen Brittanje gebruik. Die verwarring bestaan daarin dat die Geallieerdes nog nie presies weet wat hierdie nuwe wapen werklik is nie. Dit is bekend dat hierdie spookvliegtuie loodsloos is maar daar bestaan nog meningsverskil of hulle ook motorloos is, of hulle radiobeheerd is en of hulle volgens die vuurpylbeginsel funksioneer. Op die oomblik is die Geallieerdes se nuusdiens baie geheimsinnig oor die nuwe wapen. Dit is verklaarbaar en 'n mens sal met voorbarige gevolgtrekkings versigtig moet wees. Nuwe wapens en nuwe teenwapens is nie onbekend nie. 'n Nuwe wapen soos die tenk was egter in die laaste oorlog taamlik effektief. Dit is bekend dat Suid-Engeland en die Londense area, met die oog op die inval, vandag baie belangrike gebied is. Die sukses van die nuwe wapen sal baie daarvan afhang hoe veel spookvliegtuie die Duitsers tot hul beskikking het en of hulle dae aaneen belangrike dele van Brittanje in 'n voortdurende toestand van lugalarm kan hou. In verband met die nuwe wapen sal 'n mens voorlopig maar moet „wag en sien".

## A. N. S. STUDENTE-WERKERS-KONGRES

*Johannesburg, 3-6 Julie '44*

Alle Brandwagte en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi na die Elfde Jaarlikse Kongres van die Afrikaans - Nasionale Studentebond, wat vanaf Maandag, 3 Julie, tot Donderdag, 6 Julie, in die Eendragsaal, h/v. Harrison- en Jutastrate, Johannesburg, gehou word

Die Kongres neem die vorm aan van 'n STUDENTE-WERKERSKONGRES, en word toegespreek deur vooraanstaande Afrikaanse leiers, asook deur werkers uit die verskillende bedrywe. Die sluitingsrede word waargeneem deur die Erepresident van die A.N.S.,

DR. HANS VAN RENSBURG.

ONS ADVERTEERDERS ONDERSTEUN ONS! ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!

VOORTREFLIKE MEUBELS

deur



DIE neerlike somerdae lê ver agter die bulte en die warm sonneskyn is skaars 'n belofte. Maar in huise waar vuurtjies gesellig kraak, waar vrede en stilte enig is, is gemak geen droombeeld nie — dis werklikheid.

DIE fyner dinge van die lewe word as ryke erfenisse deur die jare heen aan ons oorgedra, en so ook is van geslag tot geslag al hoe meer aandag aan gerief gewy.

GERIEF en duursaamheid is kenmerkend van alle meubels deur Excelsior Meubels Beperk vervaardig.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

Hoofkantoor: DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG, POSBUS 6670.
Eienaars van:
J. S. UNTERHALTER (Edms.) BPK., POSBUS 1300, PRETORIA.
GOODWOOD MEUBELS (Edms.) BPK., PAUL KRUGERSTR. 340, PRETORIA.
L. D. PHILLIPS (Edms.) BPK., PLEINSTRAAT 47, KAAPSTAD.
Takke: JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

# Ge-interneerdes Voer in Kamp 'n Ordelike Lewe

## Besit Eie Bakkery, Skool en Kerkraad

**Vir ons lede wat so getrou is in die versorging van die afhanklikes van geïnterneerde volksgenote, mag dit interessant wees om so een en ander van die lewe binne in die kamp te verneem.**

Ons het dikwels melding gemaak dat alle goedere wat per spoor aan geïnterneerdes gestuur word, geadresseer moet word aan die bestuurder, Kampkantien, Interneringskamp No. 1, Koffiefontein. Wie is hierdie persoon? Dit is die man wat die kamp se winkel bestuur, wat 'n onderneming is van die geïnterneerdes, en nie van die een of ander buitepersoon nie. Hierdie man doen die werk gratis, want dit is vir hom 'n tydverdrywing. Sy winkel bied allerlei benodighede te koop aan wat nie deur die kampregulasies verbied word nie. Vrugte en goed wat van buite aan hom geadresseer word, word egter nie verkoop nie, maar aan die geïnterneerdes uitgedeel.

Die geïnterneerdes lewe nie in wanorde nie. Hulle is georganiseer en hul organisasie word deur die interneringsowerheid erken. Aan die hoof staan 'n bevelvoerende offisier wat as kampleier erken word. Enersyds verteenwoordig hy die geïnterneerdes by die interneringsowerheid en andersyds is hy verteenwoordigend van die algemene volksbelange binne die kamp. Hy het, sover dit die geïnterneerdes betref, volmag om beslissings namens hulle te neem en die kamp te bestuur. Die organisasie behels verskillende afdelings, o.a. 'n administratiewe, wat ook verantwoordelik is vir die skool. **Hier word dertig vakke gedoseer waarvan ongeveer tien universiteitsvakke is vir die eerste jaarkursus. Ook tegniese opleiding word gegee. Die skool staan onder beheer van 'n rektor en registrateur, en kandidate wat in hul eksamens slaag, ontvang sertifikate.**

### MAATSKAPPYE GESTIG

Dan is daar die diensafdeling wat verantwoordelik is vir die orde in die kamp. Hulle beskik oor deskundiges op dié gebied en indien 'n ding verlore sou raak, kan hulle dit met die grootste gemak opspoor. As iemand by voorbeeld 'n stukkie seep in die waskamer laat lê, kan hy dit later by die diensafdeling se kantoor vir verlore eiendom gaan haal. Hulle sorg ook vir ontspanning soos sport en waterspeletjies in die swembad. Daar is ook 'n wetsafdeling wat die lede van die nodige regsadvies voorsien en behulpsaam kan wees in geval van geskille.

**In die kamp is daar twee bakkerye wat op inisiatief van 'n paar geïnterneerdes ontstaan het. Hulle het 'n maatskappy gevorm en bak nou die brood vir die kamp. Hul winste word beheer deur die kampleiding.** Dan is daar ook die winkel wat bekend staan as die kampkantien, waarvan reeds melding gemaak is.

'n Baie nuttige instelling is die werkswinkel waar die geïnterneerdes hul tyd kan deurbring met die vervaardiging van allerlei nuttige en kunstige artikels. Die gereedskap en materiaal wat hulle verwerk, word deur die publiek geskenk, maar daar moet eers toestemming voor verkry word van die Direkteur van Internerings, Pretoria. **In die werkswinkel heers daar die grootste ordelikheid. Daar is 'n hoof wat sake reël, en verder word die masjinerie, soos draaibanke, gereeld deur ingenieurs (self geïnterneerdes) getoets om ongelukke te voorkom.**

### GODSDIENS

Vir die godsdiens word ook deeglik gesorg. **Die drie Afrikaanse Kerke het hier saamgevloei tot een gemeente — net soos hulle ook op politieke gebied 'n eenheid vorm. Daar bestaan nie soiets soos afsonderlike lidmaatskap nie. Daar is net een kerkraad waarop lidmate van aldrie kerke sitting het, en wat soos 'n eenheid fungeer.**

'n Geskenk wat deur die geïnterneerdes besonder waardeer word, is 'n vyftigtal Afrikaanse Psalmboekies waaruit daar gesing word tydens die godsdiensoefeninge. Sondag- en Woensdagaande word gesamentlike dienste gehou, wat voorheen gelei was deur die predikante wat in die kamp aangehou was. **Afgesien hiervan is daar elke aand vir 'n halfuur stilte geproklameer deur die kampleiding om die afsonderlike huise geleentheid te gee vir ,,Boekevat''. Dit is dan 'n wonderlike bekoring vir die gemoed om te hoor hoe die een Psalmgesang na die ander in nagtelike stilte opstyg uit die verskillende huise.** Sondae word die diens waargeneem deur ds. D. Botha van Koffiefontein.

Die godsdienstige lewe kry in die kamp geleentheid om te verdiep, soos lesers van Die O.B. dan ook sou opgemerk het uit die briewe van geïnterneerdes wat ons af en toe publiseer.

**Die laaste Sondag van die maand word in gedagte gehou as Offersondag. Vir die geïnterneerdes is dit die dag waarop hul volksgenote daarbuite 'n deel van hul ete afstaan in belang van hul afhanklike vroue en kindertjies. Wanneer hulle aansit om te eet, kondig die kampleier af dat dit vandag Offersondag is, en dan staan die paar honderd geïnterneerdes vir enkele oomblikke op uit dankbaarheid vir wat hul volk daarbuite aan hulle doen.**

## HUL LAASTE WENS ?

Sapa-Reuter kan soms van snaakse nuus ontslae raak. In dieselfde koerant waarin 'n berig verskyn wat aankondig dat die Duitse verbindingslinies in Italië so toegetakel is dat ,,hulle hele stelsel ineengestort het'', word 'n berig geplaas waarvolgens die Hoofrabbi, dr. Hertz, te vertel het dat die Duitsers nâ die val van Rome, 1,500 Jode in verseëlde treine uit Italië vervoer het na ,,slaghuise'' in Pole. Sou hierdie Jode se laaste wens miskien gewees het om juis in die ghetto's van Pole begrawe te word? Dan spreek dit darem boekdele vir Duitse menslikheid om ondanks hul swaar oorlaaide verbindings, nog uitvoering te gee aan die sterwensversoek van 1,500 Jode!

## FRANSE VERWELKOM BRITTE MET KOEËLS

'n Baie interessante berig het verlede Woensdag in die Cape Argus se vroeë uitgawe verskyn, maar in die latere een weer verdwyn. 'n Geallieerde korrespondent in Frankryk het daarvolgens berig dat die houding van die Franse volk baie raaiselagtig is. **Die Geallieerde soldate is heeltemal dronkgeslaan deur die koue ontvangs wat die Franse volk hulle gee. In etlike gevalle het Franse vroue selfs op Geallieerde soldate geskiet.** Wanneer hulle 'n dorp inneem, is daar wel enkele Franse wat hulle met blomme teenkom, **maar die ander staan hulle ewe bars en aankyk of draai selfs die rug op hulle sodra hulle nader kom.**

## WAAR DEMOKRATE WEN HEERS DIE KOMMUNISME

Waar die fascisme deur demokrate uitgedruk word, verrys die kommunisme. Dit is ook weer in Italië bewys na die onlangse verandering in regering. Die ,,demokratiese'' Badogliokabinet, wat aan bewind was solank die demokratiese leërs in die suide van Italië geveg het, moes dadelik plek maak vir 'n kommunistiesgesinde kabinet toe die Geallieerde leërs die nywerheidsdele van Italië in die noorde begin nader het. **Badoglio is gedwing om te bedank en 'n nuwe kabinet is saamgestel onder Ivanoe Bonomi, wat deur 'n Italiaanse blad beskryf word as ,,'n groot oorwinning vir die linksgesinde (kommunistiese) groepe''.**

**In Suid-Afrika staan ons voor dieselfde keuse. Dit is òf kommunisme òf Ossewabrandwag. Indien die demokrate daarin sou slaag om die Ossewabrandwag te vernietig, sal nie een van hul partye nie, dog net die kommunisme in sy plek verrys.**

## KOMMANDANT-GENERAAL

**Die Kommandant-generaal spreek môreaand (22 Junie) om 7.30 'n groot vergadering toe in die Ebenezer-saal, MAITLAND.**

**Verder hou hy vergaderings te MALMESBURY (stadsaal) op 23 Junie om 8-uur, en SWELLENDAM (stadsaal) op 26 Junie om 7.30 nm.**

## VIR NOODHULPFONDS

Die Remskoen-toneelvereniging van Kaapstad, wat hom beywer vir die insameling van geld vir die Noodhulpfonds, gaan aanstaande maand 'n paar opvoerings in die Skiereiland hou. Die stuk wat hulle op die planke bring, is ,,Die Laaste van die Takhare'', deur C. J. Langenhoven, en die eerste vertoning vind plaas in die Hofmeyrsaal op 8 Julie. Tiervlei en Woodstock is ook van die plekke wat besoek gaan word. Besonderhede sal in ons advertensiekolomme bekend gemaak word.


*SEKRETARIS-REKENMEESTER*

Dadelik benodig 'n gekwalifiseerde
SEKRETARIS REKENMEESTER
vir
MARKAGENTSKAP-KANTORE.

Aansoeke met vermelding van ouderdom, kwalifikasies, ervaring en salaris verlang, asook vroegste datum van dienservaring moet voor 30 Junie in hande wees.

Rig applikasies aan:
Sekretaris-Rekenmeester, Posbus 826,
JOHANNESBURG.

ONS KAN U HELP OM ERWE, HUISE, PLOTTE EN PLASE IN EN OM BLOEMFONTEIN EN OOK PLASE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT TE KOOP EN VERKOOP.

**KRIEK & VAN DER LINDE**

ONS LEEN GELD TEEN BILLIKE RENTEKOERS.

Skryf of besoek ons:

VOLKSKASGEBOU,
Maitlandstraat 142,
BLOEMFONTEIN.

*PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**P. A. WILKEN**

MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 071250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

*Pas verskyn!*

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen
albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan

Pro Ecclesia-Drukkery
Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U.''

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam ..............................

Adres ..............................

(O.B., 21 Junie 1944.) ..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

**HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**DU PLESSIS.** — Aan mnr. en mev. Giles du Plessis (Martha Kruger), op 14 Junie 'n fris dogter in die Booth Gedenk Hospitaal. Albei wel.

**SPENCE.** — Aan Wagmajoor en Veldkte. mev. R. M. Spence, Ceres, 'n fris seun op 13 Junie.

### VERLOWING

**VENTER — STEENKAMP:** Hiermee wens ons, Nellie, jongste dogter van mnr. en mev. A. W. Steenkamp, Zwavel, Calvinia, en Pieter, seun van mnr. en mev. S. G. Venter, Maansedam, Calvinia, aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons onlangs verloof geraak het.

### HUWELIK

**NAUDE — LIEBENBERG:** Ons twee, Susanna (Meisie) en Sersant Bert Naudé, albei van Brakpan, maak bekend aan familie en vriende(inne) dat ons D.V. gaan trou op 1 Julie om 2.30 n.m. te Brakpan-Wes, N.H. of G. Kerk. Gelukwensings: Derbylaan 57, Brakpan.

### DANKBETUIGING

My hartlike dank aan die Boerevolk en in besonder aan die Kotzé broers, Twist Niet, Holfontein, en vriende, vir die getroue bystand teenoor my moeder en myself, tydens die tydperk van my gevangenis, internering en plaasarres daarna. Mag die wil tot oorwinning altyd in die hart van ons volk leef. **F. W. Liebenberg.**

### BETREKKING VAKANT

BENODIG 'n veelsydige werksman, ,,Handyman'' op plaas. Moet kennis hê van alle boerderygereedskap en reparasies ens. en Caterpillar Diesel Trekker. Meld salaris. Getuigskrifte en besonderhede aan **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

BENODIG assistent vir Argitekskantoor. Meld kwalifikasies, salaris verlang, en wanneer dienste aanvaar kan word. Rig aansoeke aan **J. Anthonie Smith, Argitek, 7de Vloer, Groote Kerkgebou, Kaapstad.**

### PERSOONLIK

AFRIKANERS van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp. **Suid Slaghuis. A. P. v. Wyk.**

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

SUKSES en LEIERSKAP behoort aan hulle met sterk Wilskrag, Persoonlikheid en Karakter! Ons kursus: HOËR OP! (Lesse in Selfontwikkeling), sal u 'n volle ontwikkelde persoonlikheid gee — die sleutel tot SUKSES en LEWENSGELUK! BESTEL U KURSUS DADELIK: £4-4-0 kontant of £1-10-0 met bestelling en vier maandelikse paaiemente van £1 elk.

**DIE VORENTOE INSTITUUT**
**(ONDERRIG VIR VOLWASSENES)**
Posbus 3220, KAAPSTAD.
(Ook onderrig oor die pos in Musiek: Viool, Trekklavier, Kitaar, ens. Navrae verwelkom).

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

Pluk u eie vrugte vars uit u tuin van Herholdt se beroemde Vrugtebome. Alle soorte vroeg tot laat. Perskes, Appels, Pruime, Pere, Moerbei, Vye, Koejawels, ens. Aanvraag groot, bestel sonder versuim. Palms, Sierbome, Struike, Heiningbome altyd in voorraad. Skryf vir Pryslys. (a)

## *VERJAARDAGKETTING*

**22 Junie:** Dolly Stassen, Malmesbury; Gert Esterhuyse, Sutherland; Dirk C. Haasbroek, Lynedoch; Jan. A. C. de Kock, Gendron; Marie Ehlers, Rustenburg.

**23 Junie:** Susara du Preez, George; Johannes Vosloo, Port Elizabeth; Johannes C. Potgieter, Kirkwood; Maria M. Bosman, Fraserburg; Tersia Kunneke, Kirkwood.

**24 Junie:** George Theron, George; Johanna Nel, Wilgenhoutsdrift; Charlotte Venter, Oos-Londen; Christie J. Steenkamp, Springbok; Pieter du Plessis, Hoëwal.

**25 Junie:** Susanna C. du Plooy, Beaufort-Wes; Wilhelmina Hesketh, Sutherland; Vera de Villiers, Brandwag; Martha M. J. Meiring, Kirkwood; Johannes Lourens Swanepoel, Worcester; Johannes G. Husselman, Okiep.

**26 Junie:** Gideon T. Heyns, Sutherland; Zacharia Fourie, Lambrechtsdrift; Louisa Malherbe, Bellville; Hermanus R. Fourie; Kirkwood; Jacoba F. B. Venter, Zoetdoorns.

**27 Junie:** Adam Barnard, George; Abraham le Roux, Stellenbosch; Nicolaas J. Roos, Stellenbosch; Estie Maree, N.-Paarl; Johann von Wielligh, Paardeberg; Marie Retief, Wellington; Aletta E. F. Burger, Wesselbron; Jacob P. le Roux, Gumtree; Anna C. Henning, Koster; Mageretha P. du Plessis, Rustenburg.

### BENODIG

DADELIK benodig 2 eersteklas Haarkappers(sters) vir dames- en mansafdelings. Meld ondervinding en salaris verlang. **Mev. A. P. Pieterse, Volkshaarkappers, Voortrekkergebou, Potgietersrust.**

VOORMAN op Uie- en besproeiingsplaas. Getroud. Vry huis en rantsoen. Loon begin £4-10-0 per maand. Kennis masjienerie aanbeveling. Doen aansoek **D. J. van Wyk, Saaifontein, Fraserburg.**

### TE KOOP

10 AFRIKANER tipe Osse: 5—6 jaar oud. Geleerd. 'n Mooi span. Goeie kondisie. £14 stuk. **J. Bekker, Indwe.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad, 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad, 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid; 100% suiwer. Alles K.M.B. posvry. **J. J. Spies, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

BESTE kwaliteit Heunigtee: 93 pond 18/6; 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

BESTE gehalte **Karomis**, ongemaal, in trokke gelewer Hondewater-Sylyn; £10 per 20 ton trok. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

DEKRIET. — Vir die beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, doen aansoek by **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**KOOP DIREK VAN DIE BOER.** — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond. Beste Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, ,,Rus en Vrede,'' P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

SPINWIELE. — Met ,,winder'' £6-10-0, sonder ,,winder'' £5-10-0. **T. B. Neser, P.K. Rodenbeek, oor Bloemfontein.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo. Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

VARKE. — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## YWER IN KOMMANDO'S VERRAS OFFISIERE

### Geesdrif in Noord-Ooste

Die Hoofvroueoffisier, genle. mev. M. Michau, en Stafhoof, hoofkomdt. eerw. W. P. van der Merwe van Gebied B, het 'n uitgebreide toer in die Noord-Oostelike deel van Kaapland onderneem met die oog op organisasiewerk en Ossewabrandwag-dag wat vinnig nader. Nie minder as tien verskillende kommando's is in nege dae besoek en orals is offisiersvergaderinge gehou asook openbare vergaderinge op sommige plekke, o.a. op Lady Grey, waar die opkoms besonder goed was.

Daar heers geweldige geesdrif by die lede en almal is begerig om iets te doen vir die volk en die volksbeweging. 'n Algemene strewe om weer die kommando-organisasie op te knap sodat doeltreffend gewerk kan word, is waargeneem

Die ywer en vlyt wat sommige offisiere aan die dag lê en die gees van offervaardigheid waarin die arbeid verrig word, was verrassend. Veral kan in hierdie verband waarderend gespreek word van kommandante R. van der Berg van Aliwal-Noord wat geheel en al lewe vir die O.B.

**In baie kommando's is die vroue ook ywerig besig om te woeker deur met handearbeid fondse in te samel vir 8 Augustus.** 'n Verblydende teken is ook dat die Boerejeug orals begin posvat in die kommando's en dat die getalle stadig maar seker toeneem. Ook in hierdie opsig blink die Boerejeug van Aliwal-Noord uit, nie net wat werk betref nie, maar ook wat die getalle betref.

Dat die laertrekking van Jeug- en Wagoffisiere wat onlangs op Plankfontein gehou is, 'n heilsame invloed uitgeoefen het, is orals waargeneem, so is b.v. die Wagmajoor en Jeugkomdt. van generaalskap B2 hard besig om 'n laertrekking te reël vir al die wag- en jeugoffisiere van die generaalskap. Op baie vergaderings het die O.B.-wag ook opgetree en op Sterkstroom veral het Wagkaptein Oelofse 'n flinke wisseling van die wagte wat in wit hemde en vaal broeke geklee was, uitgevoer wat 'n baie goeie indruk op die aanwesiges gemaak het.

Waarlik, die offisiere en brandwagte van Noord-Oostelike Kaapland hou die volk in beweging.—(Ingestuur.)

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU !*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars**
**(Eiendoms.) Beperk,**
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

DIE NUUTSTE IN DAMES-
**FELT-HOEDE**
en
**WINTERJASSE**
by
*Steyns*
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE.

**DIREK VAN FABRIEK AAN BOER**

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Kartooms 16/6; Rytooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Bestellings word uitgevoer in volgorde van ontvangs. Tevredenheid gewaarborg.

Geen K.B.A aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

## NOODHULPFONDS

**VANAF 25 APRIL TOT 25 MEI 1944.**

**Gebied ,,A''**

Kom. A: Kareebossies, Kaapstad £2-12-0; ,,Vreugde deur Arbeid'' £2-12-0; Remskoen Toneelvereniging 7/6; 4c4 £2-9-0; 12a10 en 12a5 £9; R. Radloff 15/-; Veldskoenkring £1-4-4; Veldkornetskap, Marrydale £7-10-0; 13a2 £12-12-7; 2b2 £3-10-0; Mnr. J. W. v. d. Merwe, Keetmanshoop £100; 8b1 en 8b6 £5-3-6; Vriend Bellville 10/-; Vriende Bellville £1-16-0; Maandelikse bydrae vriendin Kaapstad £1; Veldskoenkring, £1-1-0; 1a9 £2-0-0; 3b6 en 3b1 £32-4-5; 3c8 £5; 15a4 £23-1-0; J. M. O'Kennedy, Maitland 8/-; P. van Niekerk, P.K. Molnerton 10/-; Mnr. Erasmus 3/-; Kring van vier Upington Hotel £5; Vriend Kaapstad 6/6; 15a7 £6-9-8; Veldskoenkring £1-2-5; Vriend Kaapstad 5/-; 14a7 £1-2-6; 1b2 £18-8-0; 9c6 en 9c1 £32-10-0; 10a6 £1-4-0; 10a6 £2; 1a8 £4-10-0; 1c7 £1; Remskoen Toneelvereniging £1; Remskoen Toneelvereniging 10/-; Remskoen Toneelvereniging 7/6; Veldskoenkring £1-5-4; 15b8 £19-3-3; 10c8 £9-15-6; 6c7 (Teeparty) £4; 3c6 £4-6-0; 1a9 £1-16-6; 15c8 £10-8-10; 3b6 £23-1-2; 3b1 £11-17-0; 9a6 £11-3-0; Remskoen Toneelvereniging £1-6-0. Totaal: £389-7-6.

**Boerejeug Gebied ,,A''**

Kom. JA: 3c8 £2; 3c3 £2-10-0. Totaal: £4-10-0.

**Gebied ,,B''**

Kom. B: 5a2 (maandelikse bydrae) £3-13-6; 5a8 (maandelikse bydrae) 15/-; 5c1 (maandelikse bydrae) 12/4; 5a1 (maandelikse bydrae) £3-0-6; 5a6 (maandelikse bydrae) £2-2-6; 1c2 en 1c7 (opbrengs Vryheidsdag) £11-10-0; 6a2 en 6a7 (maandelikse bydrae) £5; Totaal: £26-13-10.

**Boerejeug Gebied ,,B''**

Kom. JB5a7 5/-.

**Gebied ,,D''**

Vryheidsdag-opbrengste vir Gebied ,,D'' is £415-18-10. Ons beskik egter nie oor besonderhede van bedrae wat deur elke Kommando ingesamel is nie.
J. C. Davel £73.

**Gebied ,,E''**

Kom. E: 9b3 10/-; 6c6 £1-15-6; 10a2 £3-15-0; 10a7 £3-15-0; 5b8 £8-15-0; 7b1 £1; 2b2 £1-11-6; 2a3 £13; 2a8 £13; 2a8 £4-15-0; 1b2 £5-5-6; 6b6 £3-11-0; 1-5 £11; 8b7 £1-6-9; 6c6 £1-2-0; 2a7 £10-6-9; 1-5 £251-7-3; 2a2 £11-7-1; 6c6 £1; 3c9 £9-14-0; 3c6 £3-18-3; 3c7 £10-18-0; 3c8 £1-10-0; 3b1 £2-2-6; 3b2 12/6; 3c9 £5-9-6; 6b2 £3-12-6; 3 £17-5-3; 2 £63; 5c8 £4; 8a4 £6-12-6; 1b8 £1-6-6; 1b7 £3-18-3; 4c7 £3-18-9; 4 £21-16-0; 1b2 £20; 7b2 £1-10-0; 7b7 £1-10-0; 8a7 £7-4-6; 1-5 £26-2-5; 2a3 £3-5-0; 5a1 £8-6-6; 5a2 1/5; 5a6 £10; 5a7 £5-14-0; 5a8 £2-2-0; 5b1 £11-14-0; 5b6 £4-9-0; 5c1 £11-4-0; 5c2 £11-13-6; 5c3 £17-7-6; 5c6 £7-2-6; 6b7 £3-5-0; 5a2 £6-17-6; 5a6 £8; 5a7 £5-15-0; 5a8 £3-17-6; 5b6 £4-14-0; 5c1 £37-6-8; 5c2 £12-1-6; 5c3 £19-13-0; 5c7 £17-17-6; 5c £9-10-0; 2b1 £1-4-0; Bydrae £2-12-0; 9c6 £2-4-0; 1c7 £8-1-6; 1c7 £3-10-8; 3c9 £10-12-6; 2c7 £2-13-0; 9a1 £4-12-6; 4b6 £4-3-6; 2c1 2/-; 2a1 £9-7-0; 7a2 £11-3-6; 10c6 £13-15-2; 10c1 £13-15-1; 2b2 £1-2-0; 7c7 £8-13-9; 7c2 £8-13-9; 2a2 £13-15-2. Totaal: £906-2-11.

**Boerejeug Gebied ,,E''**

Kom. JE: 2a2 7/-; Boerejeug Offisiersraad £2-10-3; 3 £3; 6b9 £1-10-0. Totaal: £7-7-3.

**Gebied ,,F''**

Vanaf 25 Januarie tot 25 Maart 1944.
Kom. F: 1a2 £7-16-6; 2a2 £3-4-7; 2a7 £3-4-8; 2b3 14/-; 2b7 £5-12-6; 3 £6-15-0; 3a £16-11-9; 3a7 £8-16-0; 3a8 £29-9-2; 4b4 £8-5-6; 4b6 £9-13-0; 4b8 £4-1-9; 4b9 £5-2-6; 4c1 £8-12-9; 4c3 £15-6-3; 4c6 £43-10-9; 4c7 £1-1-0; Vriend 2/-; Vriend 5/-; D.H.M. £1-11-4; 5c2 £3; 1a4 £9-12-9; 2a1 £5-12-0; 3b7 £5-14-6; 3c7 £5-5-0; 4a3 £1-10-0; 4a6 £4-12-11; 4a7 £1-15-0; 4b7 13/-; 4b8 £6-9-0; 4c1 £4-7-6; 4c6 £39-3-0; 1a1 £28-7-9; 1a2 £17-4-6; 1a3 £14-4-8; 1a4 £7-13-0; 1a6 £28-7-10; 1a7 £14-13-0; 1b2 £31-15-2; 1b6 £50; 1b7 £24-1-0; 2b3 £50; 2b7 £26-12-3; 2b8 £50; 3b1 £9-14-0; 3b3 £12-10-0; 3b8 £12-10-0; 3b7 £20; 3c1 £23; 3c3 £44-11-0; 4 £131-16-9; 4a1 £33-10-0; 4a2 £18-12-2; 4a3 £22-14-7; 4a7 £16-10-3; 4a8 £1-2-6; 4b1 £5-15-0; 4b4 £25-19-6; 4b6 £38-17-0; 4b8 £17-13-2; 4b9 £18-4-9; 4c3 £72-13-2; 4c62£54-10-9; r 5/-, £2, £3, £5, £3, 5/5, £10, £2; 5a3 £7-5-9; 5a6 £7-5-9; 6a1 £2-18-9; 6a2 £3-16-0; 6a7 £3-9-0; £61. Totaal: £1,511-3-4.

**Boerejeug Gebied ,,F''**

Jeug £26-7-3; Jeug. Jan. £13-1-3. Totaal: £39-8-6.

## BOMAANSLAG OP MAN IN LOKASIE

'n Poging om die kantoor en huis van die superintendent van die Heidelbergse lokasie (Tvl.) in die lug te skiet, is op 11 Junie aangewend. 'n Bom het in die kantoor ontplof, en toe die superintendent, mnr. D. S. Jacobs, daarheen wou gaan, tref hy 'n ander bom op die stoep van sy woning aan.

**Hierdie gebeurtenis volg op 'n staking van naturelle-werkers op 1 Junie, toe daar betogings teen die paswette en permitstelsel in die dorp se strate gehou is. Die Kommunistiese orgaan het hierdie staking geloof en 'n bitsige aanval op mnr. Jacobs gedoen.**